DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME

TAK MARIENE EN KUSBESTUUR

BELEID VIR DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN KOMMERSIËLE VISVANGREGTE IN DIE KWAZULU-NATAL KOMMERSIËLE SARDIEN STRANDSEËNNET-VISSERY: 2005

HIERDIE BELEID MOET SAAMGELEES WORD MET DIE ALGEMENE BELEID VIR DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN LANGTERMYN KOMMERSIËLE VISVANGREGTE: 2005

(beskikbaar by www.mcm-deat.gov.za)

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding 3

2. Biologie en brondinamika 3

3. Sektorale profiel 4

4. Die proses van medium-termyn regtetoekenning 5

5. Oorkoepelende sektorale doelwitte 5

6. Tydsduur van regte 5

7. Nuwe inkomelinge 6

8. Evaluluasiekriteria 6

8.1 Uitsluitingskriteria 6

8.2 Vergelykende balanseringskriteria 7

(a) Transformasie 7

(b) Werksgeleenthede 8

(c) Historiese betrokkenheid 8

(d) Visvangprestasie 8

(e) Wetsnakoming 8

9. Voorlopige lyste 8

10. Bestuur en mede-bestuur van die KZN sardien strandseënnet-vissery 8

11. Aansoekgelde 9

12. Gebruik van voertuie in die kussone 9

13. Permitvoorwaardes 9

1. Inleiding

Hierdie beleid oor die toekenning en bestuur van visvangregte in die KwaZulu-Natal (KZN) sardien kommersiële strandseënnet-vissery word uitgereik deur die Minister van Omgewingsake en Toerisme (*"die Minister"*). Daar sal ook na hierdie vissery verwys word as die KZN strandseënnet-vissery. Hierdie beleid moet saamgelees word met die Algemene Beleid vir die Toekenning en Bestuur van Langtermyn Kommersiële Visvangregte: 2005 ("die Algemene Visseryebeleid").

Die doel van hierdie beleid is om die oorwegings uit een te sit wat van toepassing is op die toekenning van langtermyn KZN strandseënnet-visvangregte. Baie van hierdie oorwegings is nie nuut nie. Hulle is in die verlede deur die Departement van Omgewingsake en Toerisme: Tak Mariene en Kusbestuur ("die Department") gebruik by die toekenning van regte en tot 'n mate beligaam hierdie beleid sodanige oorwegings.

Sekere voorgenome bestuursbeleidsrigtings vir die periode na die toekenning van regte verskyn ook in hierdie beleid. 'n Bestuurshandleiding vir die KZN strandseënnet-vissery sal met al die regtehouers in die loop van 2006 gefinaliseer word. Hierdie handleiding sal in fyn besonderhede die toepaslike bestuursmetodes en -prosedures vir die bedryf uitstippel.

Die Minister is voornemens om die artikel 18 magte om kommersiële visvangregte in hierdie sektor toe te ken, in terme van artikel 79 van die Wet op Lewende Mariene Hulpronne 18 van 1998 ("die WLMH") aan 'n beampte in die Departement te delegeer. Hierdie beleidsdokument sal die gedelegeerde owerheid lei in die neem van besluite oor aansoeke in hierdie vissery.

2. Biologie en brondinamika

Die KZN strandseënnet-vissery is hoogs seisoenaal. Gedurende die wintermaande dring groot skole sardiens (*Sardinops sagax*) die waters van KwaZulu-Natal vanaf die suide binne. Daar word na hierdie klassieke broeimigrasie verwys as die KZN "sardienloop".

Die jaarlikse sardienloop kom ooreen met 'n aflandige beweging van die warm Agulhas-stroom in die omgewing van die Wildekus, gedurende herfs tot en met winter en die vervanging daarvan met 'n koel, smal strokie kuswater. Hierdie gebeurtenis voorsien 'n gang vir die sardyn wat aangetrokke is tot koue water, om noordwaarts te migreer in groot skole wat tot 15 kilometer lank, drie kilometer wyd en 40 meter diep kan wees. Die skole lok duisende roofdiere soos malgasse, dolfyne en haaie.

Die KZN sardien strandseënnet-vissery maak volkome staat op die sardienloop. Boonop is KwaZulu-Natal se toerisme-bedryf daarop ingestel om voordeel te trek uit die skouspel van die sardienloop met inbegrip van die opwinding van strandseënnet-operasies. Daar is egter jare wanneer die indringing van koue water nie plaasvind nie, of sardiens nie by die kus na voorskyn kom nie. In sommige jare is die vangste in die KwaZulu-Natal sardien strandseënnet-vissery naby aan nul.

Die KZN sardien strandseënnet-vissery word sedert die 1970s gereguleer. Voor die inwerkingtrede van die WLMH (1998) is permitte deur die KZN Visserye Lisensiëringsraad uitgereik. 'n Maksimum van 35 permitte is jaarliks toegeken. Permitte, en deesdae regte, was uitgereik uitsluitlik vir die vang van sardiens; alle ander vis moes lewend in die water teruggeplaas word.

3. Sektorale profiel

Die kommersiële sardien strandseënnet-vissery word tot KwaZulu-Natal beperk. Aangesien dit 'n kort, seisoenale vissery is, wat slegs gedurende die sardienloop geaktiveer word, is meeste van die deelnemers in diens in ander visvangsektore vir die res van die jaar.

Alhoewel sardiens 'n TTV-beheerde spesie is, wat hoofsaaklik deur die pelagiese visvangbedryf geteiken word, word die KZN strandseënnet-vissery op die basis van 'n Totale Ontplooide Vangspoging ("TOV") bestuur. Die rede hiervoor is dat die biomassa wat deur strandseënnette in KZN geland word minder as 0.1 persent van die totale nasionale vangs beslaan. Vangspoging word nie beperk tot enige bepaalde strande of gebiede nie, wat toelaat dat die vissers die sardiens langs die kus kan volg en die vis kan vang soos wat nader aan die kuslyn beweeg. Toerustingbeperkings is van toepassing en visvang binne beskermde mariene gebiede word verbied. Die TOV (die aantal nette wat gebruik mag word) word elke jaar deur die Minister vasgestel.

Die sardien strandseënnette word uitgeplaas deur die gebruik van omskepte skibote. Spanne vissers – ongeveer 20 per net – trek dan die net per hand na die kus. Sardiens word plaaslik deur die regtehouer verkoop, of kopers koop die inhoud van die net terwyl dit nog op die strand is. Die oorgrote meerderheid van die vangs word as aas gebruik, maar 'n beperkte hoeveelheid sardiens word deur die plaaslike bevolking verbruik. In jare wanneer die sardienloop plaasvind, word 'n gemiddeld van 20 000 kratte of 500 ton geland, met 'n jaarlikse vangswaarde van tussen R1.5 en R2 miljoen.

Die huidige regtehouers is hoofsaaklik kommersiële vissers, eweredig verdeel tussen swart en wit persone. In die afgelope paar jaar, is twee regte ontgin deur inkvis regtehouers van die Oos-Kaap. Hierdie regtehouers het

tegnologies meer gevorderde prosedures in die vissery ingebring. Hul gebruik van ‘n opspoorvliegtuig en superieure visvangtoerusting het tot gevolg gehad dat hulle beter as al die ander vissers gevaar het. Alle spanne gebruik tydelike arbeid gedurende die seisoen. Gevolglik kan ongeveer 700 werkers jaarliks, vir ‘n een tot twee maand seisoen, in diens geneem word.

4. Die proses van medium-termyn regtetoekenning

Die KZN sardien strandseënnet-vissery het nie veel verander sedert die hersiening van die TOV en die toekenning van regte in 2001 nie. Medium-termyn visvangregte het ‘n mate van stabiliteit na die vissery gebring. In vorige jare het permithouers die vissery jaarliks toegetree of verlaat . In 2001 is die TOV op 35 regtehouers vasgestel. Slegs 27 aansoeke is ontvang, waarvan 26 toegeken is.

Hierdie vissery is redelik kapitaal intensief as gevolg van die kapitaal wat nodig vir ‘n motorskiboot, strandseënnet en 4X4-voertuig, asook die risiko geassosieer met die kort, onvoorspelbare sardienseisoen. Die vissery word tans 50 persent deur swart persone besit en bestuur.

5. Oorkoepelende sektorale doelwitte

Die doelwitte met die toekenning van langtermyn regte in die sardien strandseënnet-vissery is om:

- Die transformasieprofiel van hierdie vissery te verbeter;
- Regte aan sardien strandseënnet-vissers toe te ken wat tradisioneel van sardiens afhanklik is en woonagtig is in KZN;
- Die ekonomiese lewensvatbaarheid van die vissery in stand te hou;
- Die omgewingsvolhoubaarheid van die vissery te verseker.

6. Tydsduur van regte

Met inagneming van bogenoemde doelwitte sal kommersiële visvangregte vir ‘n tydperk van tien jaar toegeken word (1 Januarie 2006 tot 31 Desember 2015). Die Departement sal gereeld regtehouers evalueer teen voorafbepaalde prestasiekriteria.

7. Nuwe inkomelinge

Daar is 'n oorskot vangspoging beskikbaar vir toekenning in hierdie vissery. Die gedelegeerde owerheid sal streef om nuwe inkomelinge te akkomodeer. Regtehouers wat nie presteer nie en ongetransformeerde entiteite mag vervang word.

8. Evaluluasiekriteria

Aansoeke sal volgens 'n stel "*uitsluitingskriteria"* gesif word. Aansoeke sal daarna evalueer word in terme van 'n stel gelaaide "*vergelykende balanseringskriteria".* 'n Afsnypunt of rangorde sal dan vasgestel word ten einde die suksesvolle aansoekers te bepaal.

8.1 Uitsluitingskriteria

Behalwe die kriteria beskryf in die Algemene Beleid oor die onbehoorlike indiening van aansoeke en wesentlike tekortkominge sal die gedelegeerde owerheid aansoekers uitsluit wat versuim om aan die volgende vereistes te voldoen:

(a) **Vorm van die aansoeker:** Alhoewel die Algemene Beleid maatskappye en beslote korporasies oor die algemeen verbied om regte te hou in enige van die Groep D visserye, is die KZN strandseënnet-vissery 'n uitsondering. Die gedelegeerde owerheid mag in hierdie vissery regte toeken aan individue asook beslote korporasies (nie maatskappye nie). Sover dit individue aangaan sal meer as een reg nie gewoonlik aan 'n huishouding (egpaar, ouers en kinders) toegeken word nie. Bykomend sal 'n reg nie aan 'n beslote korporasie en sy lede of werknemers apart toegeken word nie.

(b) **Tradisionele sardien strandseënnet-vissers:** Regte sal slegs toegeken word aan tradisionele sardien strandseënnet-vissers. 'n Tradisionele strandseënnet-visser is iemand wat die afgelope tien jaar al aktief is in die vissery.

(c) **Toegang tot nette en bote:** Daar sal van aansoekers vereis word om aan te toon dat hulle toegang het tot geskikte nette en 'n gepaste boot wat nodig is om in hierdie vissery werksaam te wees.

(d) **Wetsnakoming:** Regte sal nie toegeken word aan aansoekers wat skuldig bevind is aan 'n ernstige oortreding van die WLMH nie (wat byvoorbeeld gelei het tot tronkstraf sonder die opsie om 'n boete te

betaal). Aansoekers wie se reg ingevolge die WLMH gekanselleer of ingetrek is, sal ook nie 'n reg ontvang nie. Ander oortredings van die WLMH sal die aansoek negatief affekteer soos hieronder uiteengesit.

(e) **Papierkwotas:** Papierkwotas soos omskryf in die Algemene beleid sal uitgesluit word. Groot groepe identiese, of baie soortgelyke aansoeke wat deur konsultante of kommersiële visvangmaatskappye en ander entiteite geborg word, sal uitgesluit word as fronte (papierkwotas), ongeag die meriete van die individuele aansoeke.

(f) **Nie-gebruik:** Regtehouers wat nie gereeld hulle regte gedurende die tydperk 2002 tot 2004 gebruik het nie, sal uitgesluit word**.**

(g) **Multi-sektorale betrokkenheid:** Aansoekers in hierdie vissery mag nie kommersiële visvangregte in enige Groep A of Groep B visserye hou nie, hetsy direk of indirek as aandeelhouer of direkteur van 'n maatskappy of as lid van 'n beslote korporasie. Aansoekers in hierdie vissery mag ook nie regte in ander Groep C en D visserye, behalwe in tradisionele lynvis en die oestervissery, hou nie.

(h) **Persoonlike betrokkenheid by die oes van die hulpbron:** Daar sal van aansoekers verwag word om aan te toon dat hulle persoonlik betrokke was by sardien strandseënnet-visvangs gedurende die visvangseisoen en dat hulle in die bedryf van die besigheid betrokke was.

(i) **Afhanklikheid van die bron:** Alhoewel die beperkte seisoen, die onvoorspelbaarheid en risiko geassosieer met hierdie vissery erken word, sal daar van aansoekers vereis word om 'n graad van historiese afhanklikheid van die sardien strandseënnet-vissery vir hulle bestaan, aan te toon.

8.2 Vergelykende balanseringskriteria

Regtehouer aansoekers en potensiële nuwe inkomeling aansoekers sal evalueer word in terme van die volgende balanseringskriteria, wat gelaai sal word om die sterkte van elke aansoek te bepaal:

(a) Transformasie

Ten einde die transformasieprofiel van die KZN sardien strandseënnet-vissery te verbeter, sal aansoekers positiewe punte toegeken word as hulle swart persone is (Afrikane, Kleurlinge en Indiërs). Aansoekers wat

beslote korporasies is, sal evalueer word op grond van die persentasie ledebelang wat besit word deur swart persone.

(b) Werksgeleenthede

Regtehouer aansoekers wat kan aantoon dat hulle werksgeleenthede – tydelik of permanent – verskaf het, sal beloon word.

(c) Historiese betrokkenheid

Die gedelegeerde owerheid sal oorweging gee aan die tydperk wat 'n aansoeker betrokke is in die sardien strandseënnet-vissery.

(d) Visvangprestasie

Regtehouer aansoekers sal evalueer word met inagneming van hul visvangprestasie gedurende die medium-termyn tydperk.
Nuwe inkomeling aansoekers sal evalueer word met inagneming van of hulle die vermoë, kennis en vaardigheid het om met nette vis te vang.

(e) Wetsnakoming

Negatiewe punte sal toegeken word vir nie-ernstige oortredings van die WLMH, sy regulasies en permitvoorwaardes.

9. Voorlopige lyste

Voordat die gedelegeerde owerheid 'n finale besluit neem oor die toekenning van strandseënnetregte mag hy of sy 'n voorlopige lys van aansoekers uitreik in elke area vir kommentaar.

10. Bestuur en mede-bestuur van die KZN sardien strandseënnet-vissery

Die kommersiële sardien strandseënnet-vissery sal bestuur word in ooreenstemming met die ekosisteem benadering tot visserye ("EBV"). 'n Ekosisteem benadering tot die bestuur van visserye is 'n holistiese en

geïntegreerde beleid wat erken dat visvang en verwante land-gebaseerde aktiwiteite die breë mariene omgewing kan beinvloed.

'n Nuwe Operasionele Bestuursplan vir die vissery sal binne die volgende twee tot drie jaar implementeer word.

11. Aansoekgelde

Die fooi betaalbaar by aansoek vir 'n KZN strandseënreg is R200 (twee honderd rand). Hierdie fooi is nie-terugbetaalbaar en moet in volle betaal word.

Die jaarlikse heffings betaalbaar met ingang van 1 Januarie 2006 sal bepaal word na oorlegpleging met regtehouers. Die heffings betaalbaar sal deur die Departement gebruik word vir die mitigasie van jaarlikse kostes van bestuur, wetsnakoming en navorsing.

12. Gebruik van voertuie in die kussone

Baie regtehouers in die KZN sardien strandseënnet-vissery het toestemming gevra om voertuie te gebruik in die kussone, nadat ongereguleerde voertuiggebruik op strande in 2002 verbied is. In 2004 het die Minister die regulasies wat voertuiggebruik in die kussone beheer, gewysig (sien www.mcm-deat.gov.za vir die Regulasies en die Implementasie Riglyne).

Regtehouers in die KZN sardien strandseënnet-vissery moet aansoek doen by die Adjunk Direkteur-Generaal van Mariene en Kusbestuur vir 'n permit om 'n voertuig in die kussone te gebruik, indien nodig vir visvangs.

Aansoekvorms vir die gebruik van voertuie in die kussone sal beskikbaar gestel word, saam met die aansoekvorms vir regte in die KZN sardien strandseënnet-vissery. Aansoekvorms vir voertuiggebruik ook beskikbaar by www.mcm-deat.gov.za.

13. Permitvoorwaardes

Permitvoorwaardes vir hierdie sektor sal jaarliks uitgereik word. Die permitvoorwaardes sal vasgestel word na konsultasie met regtehouers in hierdie sektor en sal onderworpe wees aan hersiening soos en wanneer dit nodig mag wees.